1/3

TWEE BROERS

Tema: Jesus het in ons plek vir ons sondes betaal. Hy het Sy lewe gegee, sodat ons kan lewe en regverdig kan wees voor God se oë.
Tekse: Johannes 3 :16 of Kolosense 1:19-22
Spelers: Dobbelaar, Regter, Klein Broer, Polisieman en Groot Bmet
Hulpmiddels: Rooi t-hemp; tou met lus; regterjurk; hammer; mes (karton); polisiehoed; fluitjie en knuppel.
Toneel:

Klein Broer en Dobbelaar is besig om met 'n dobbelsteen te speel vir geld. Klein Broer gooi sy geld op die grnnd.
Dobbelaar gooi die dobbelsteen en wen.
Dobbelaar wys vir Klein Broer dat hy weer moet speel, weer wen Dobbelaar.
Dobbelaar wys weer vir Klein Broer om te speel, weer wen Dobbelaar.
Weer wys Dobbelaar vir Klein Broer om te speel en hy wen weer. Klein Broer heskuldig Dobbelaar dat hy kul.
Dobbelaar lag vir Klein Broer en wys net dat hy weer moet speel. Klein Broer gooi weer sy geld op die grond, weer wen Dabbelaar.
Klein Broer is nou woedend, hy gryp die Dobbelaar aan sy bors en trek hom nader. Hy trek 'n mes uit sy broek uit en steek vir Dobbelaar dood.
Toe hy besef wat hy gedoen het, hardloop hy huis loe, waar Groot Broer vir hom wag. Hy is baie ontsteld en baie bang. Hy vertel vir Groot Broer wat hy gedoen het. Groot Broer vra hom om kalm te bly. Hy sê hy moet sy bloed besmeerde hemp vir hom gee. Groot Broer trek toe Klein Broer se hemp aan en vat ook die mes by hom.
Intussen sien die Polisieman die liggaam van die Dobbelaar. Die Polisieman gaan nader en sien dat hy dood is. Polisieman blaas op sy fuitjie. Hy buk en sien 'n bloedspoor. Hy volg die spoor tot by Groot Broer se huis. Die Polisieman sien die bloedbesmeerde hemp wat Groot Broer aan het en kry ook die mes by hom. Die Polisieman arresteer vir Groot Broer. Die Polisieman sluit vir Groot Broer op in die tronk en hou die mes as bewys. Klein Broer gaan besoek Groot Broer in die tronk. Klein Broer sê dat hy vir die Regter sal vertel wat regtig gebeur het. Groot Broer wil egter niks daarvan weet nie. Groot Broer troos vir Klein Broer en sê hy sal die skuld op hom neem en ook die gevolge van sy dade betaal.
Toe Klein Broer uit die tronk uitloop, spring hy in die lug op en skreeu van blydskap, baie hly dat hy nie hoef te betaal vir sy slegte dade nie.
Nadat Klein Broer weg is kom die Polisieman en neem vir Groot Broer na die Regter toe. Die Polisieman vertel vir die Regter die hele storie van hoe hy die dobbelaar dood gekry het, hoe hy die bloedspoor gevolg het tot by Groot Broer se huis. Hy het Groot Broer gevange geneem omdat sy hemp vol bloed was en hy ook die mes by hom gekry het.
Die regter veroordeel hom en gee aan Groot Broer die doodstraf. Die Polisieman neem vir Groot Broer en gaan hang hom.
Nadat hy vir Groot Broer gehang het, gaan hy na Klein Broer toe en sê dat hulle Groot Broer gehang het vir die moord wat hy gepleeg het.
Klein Broer val op die grond neer en huil vreeslik. Hy gaan op sy knieë en bid dat God hom moet vergewe vir die dubbele moord wat hy gepleeg het.

2/3

Die Toue.

Tema: Voordat ons kinders van God word, word ons baie maklik deur die satan verlei en dan vasgevang deur sy versoekings. Jesus kom en verlos ons van alle bande van sonde as ons Hom ontvang in ons harte en gee ons die krag om elke dag in oorwinning te leef.

Tekse: Efe 6:10-18, Ko1.3:5-10, Tit.3:1-7

Spelers: Jesus, Toeris, Vleeslike Mens, Protituut, Satan, Evangelis.

Hulpmiddels: 4 toue, gebind in lusse; wyn bottel; sigaretdosie; sak met los items; kamera; los lap om oor prostituut te hang.

Toneel:

Vleeslike mens staan voor die skerm, met hangskouers, baie verveeld.
Satan kom wys met sy hande dat die man nog blind is vir sonde. Satan tel 'n wyn bottel en 'n tou op en glip nader na die man toe.
Satan tik die man speels op die skouer. Vleeslike mens draai om en vind niemand daar nie. Satan tik hom op die ander skouer, en wys vir hom die bottel wyn met 'n groot glimlag. Vleeslike mens knik sy kop gretig en vat die bottel wyn en begin dadelik te drink.
Satan sit 'n tou oor die Vleeslike mens se skouers en trek die lus styf.

(Dit is die eerste band van sonde wat die satan om die mens sit.)

Satan trek die Vleeslike Mens van een kant van die verhoog na die ander kant toe.

(Dit is 'n bewys dat Satan nou in beheer is van die Vleeslike Mens, a.g.v. sy behoefte aan drank.)

Satan gaan haal 'n sigaretdosie en die tweede tou.
Vleeslike mens slinger heen en weer met die bottel wyn waaraan hy nog drink.
Satan kom nader met sigarette en tik weer op Vleeslike Mens se skouer en wys die sigarette vir hom.

(Onthou Satan wys net die versoekings vir die mens, dit is die mens se eie keuse of hy dit wil doen of nie.)

Die Vleeslike Mens begin rook en Satan bind nog 'n tou om hom. Nou het Satan meer mag oor hom en trek hom heen en weer, waar hy hom wil hê.
'n Toeris kom en sit sy sak neer en begin foto's neem.
Satan trek die Vleeslike Mens nader en wys vir hom die oop sak met die items in.
Vleeslike Mens kyk rond of niemand hom sien nie. Hy buk en vat gou iets uit die sak uit.
Satan sit die derde tou om die Vleeslike Mens en trek hom weg.
Toeris kom en tel sy sak op en loop weg.
Die Vleeslike Mens bewonder nog sy items en toe loop 'n Prostituut by hom

verby.
Die Prostituut loop heen en weer voor hom verby en lyk baie uitdagend.
Satan wys die Prostituut vir die Vleeslike Mens. Hy loop nader na haar toe.
Satan sit sy vierde tou om die Vleeslike Mens. Nou is hy heeltemal in sy mag. Satan dwing die mens op sy knieë.

(Satan wys nou sy krag oor die Vleeslike Mens.)

Evangelis kom met sy Bybel in sy hand en sien die Vleeslike Mens.
Die Satan begin weg beweeg, maar hou nog die toue vas wat hy nie wil los nie.
Toe Evangelis voor die Vleeslike mens kom staan, vlug Satan weg met sy hande voor sy oë.
Evangelis begin om uit sy Bybel vir die Vleeslike Mens te lees. Vleeslike mens luister aandagtig en begin te glimlag.
Hulle bid saam en Vleeslike Mens wys dat hy sy hart vir Jesus gee. Jesus kom nader en haal die toue van die Vleeslike Mens af.

(Die bindings is nou gebreek.)

Jesus beweeg weg al glimlaggend en Vleeslike Mens en Evangelis kyk na Hom met uitgestrekte hande.
Evangelis en Vleeslike Mens staan op en Evangelis gee vir Vleeslike Mens die Bybel met 'n handdruk en loop weg.
Satan kom wys woedend sy vuiste en stamp met sy voete. Hy tel die toue, wynbottel, sigarette en gesteelde items op en loop weg.
Vleeslike Mens is nou reg om sy Bybel te lees.
Weer kom Satan met dieselfde versoeking en wys dit vir die Vleeslike Mens.
Nou sê hy nee en wys sy Bybel vir die Satan en wys wat daarin geskrywe staan. Hy draai na Jesus toe lig sy hande op en begin bid.
Jesus lig Sy hande op en seën die Nuwe Mens.
Satan vlug nou terug na sy hoekie toe.
Satan is oorwin nadat die Nuwe Mens die laaste versoeking weerstaan het.